SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

Aansoek om ’n duplikaatlisensie, -permit of -magtiging vir verlore, gesteelde of geskonde lisensies

INSTRUKSIES: AANSOEK OM 'N DUPLIKAATLISENSIE, -PERMIT OF -MAGTIGING VIR VERLORE, GESTEELDE OF GESKONDE LISENSIES

ALGEMENE INSTRUKSIES

- 'n Aansoek om 'n duplikaatlisensie, -permit of -magtiging vir verlore, gesteelde of geskonde lisensies moet in onuitwisbare swart ink ingevul word.
- Die aansoek moet gestempel word met die amptelike datumstempel van die polisiestasie waar die aansoek ontvang is.
- Die polisiestasie waar die aansoek op rekenaar vasgelê word, moet Afdeling A invul.
- Die polisiestasie waar die aansoek ontvang word, moet Afdeling B invul.
- Die houer van die lisensie, permit of magtiging moet Afdelings C, D en E invul.
- Indien 'n tolk gebruik is, moet hy/sy Afdeling F invul.
- Indien 'n genomineerde/gemagtide persoon gebruik is, moet hy/sy Afdeling G invul.
- Die polisiebeampte moet Afdeling H invul.
- 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No 60 van 2000) indien hy/sy enige inligting wat hy/sy weet vals is op hierdie aansoekvorm verstrek.

AFDELING A: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIE-STASIE WAAR DIE AANSOEK OP REKENAAR VASGELÊ WORD

1. Aansoekverwysingsnommer

Die verwysingsnommer wat die stelsel vir die aansoek genereer nadat dit op rekenaar vasgelê is (byvoorbeeld, C12945), moet in paragraaf A 1 aangeteken word.

AFDELING B: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIE-STASIE WAAR DIE AANSOEK ONTVANG IS

1. Provinsie

Die naam van die provinsie waar die polisiestasie geleë is (byvoor-beeld, Gauteng), moet in paragraaf B 1 aangeteken word.

2. Area

Die naam van die area waar die polisiestasie geleë is (byvoorbeeld, Pretoria), moet in paragraaf B 2 aangeteken word.

3. Polisiestasie

Die naam van die polisiestasie waar die aansoek ontvang is (byvoorbeeld, Brooklyn), moet in paragraaf B 3 aangeteken word.

4. Komponentkode

Die komponentkode van die polisiestasie waar die aansoek ontvang is (byvoorbeeld, 47), moet in paragraaf B 4 aangeteken word.

5. Verwysingsnommer van vuurwapenaansoekregister

Die jaarlikse reeksnommer van die vuurwapenaansoekregister wat aan die aansoek toegeken word (byvoorbeeld, 135/2002), moet in paragraaf B 5 aangeteken word.

AFDELING C: BESONDERHEDE VAN LISENSIE, PERMIT OF MAGTIGING

Soort lisensie, permit of magtiging (Merk met 'n X)

Die toepaslike soort lisensie, permit of magtiging moet met 'n X in paragraaf C 1,2,3,4,5 en 6,aangedui word, byvoorbeeld:

Om in vuurwapens handel te dryf	X

7. Die rede vir die aansoek om 'n duplikaatlisensie moet in paragraaf C 7 met 'n X aangedui word.

7.1 Indien verlore, gesteel of geskonde nie van toepassing is nie, moet die ander rede(s) in paragraaf C 7.1. aangedui word.

8. BESONDERHEDE VAN OORSPRONKLIKE LISENSIE, PERMIT OF MAGTIGING

Die toepaslike lisensie se besonderhede, datum uitgereik en vervaldatum moet in paragraaf C 8 aangeteken word.

9. Die toepaslike antwoord moet in paragraaf C 9 aangeteken word. Voorsien asseblief die volgende inligting indien u antwoord nee is:

9.1 Rede(s)

Die rede(s) waarom die verlore/gesteelde lisensie, permit of magtiging nie binne 24-uur aangemeld is nie moet in paragraaf C 9.1. aangeteken word.

9.2 Voorsien asseblief die volgende inligting indien u antwoord ja is:

9.2.1 Polisiestasie waar die verlies/diefstal van u lisensie, permit of magtiging aangemeld is

Die polisiestasie waar die verlore/gesteelde lisensie, permit of magtiging aangemeld is moet in paragraaf C 9.2 aangedui word.

9.2.2 Kennisgewingverwysingsnommer

Die kennisgewingverwysingsnommer moet in paragraaf C 9.2.2 aangeteken word.

10. BESONDERHEDE VAN VUURWAPEN

In die geval van 'n lisensie, tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit of 'n invoer-/uitvoerpermit, moet die volgende besonderhede verstrek word:

10.1 Soort

Die soort vuurwapen moet in paragraaf C 10.1 aangeteken word.

10.2 Kaliber

Die kaliber van die vuurwapen moet in paragraaf C 10.2 aangeteken word.

10.3 Fabrikaat

Die fabrikaat van die vuurwapen moet in paragraaf C 10.3 aangeteken word.

10.4 Model

Die model van die vuurwapen moet in paragraaf C 10.4 aangeteken word.

10.5 Reeksnommer op loop

Die reeksnommer op die loop moet in paragraaf C 10.5 aangeteken word.

10.6 Reeksnommer op raam

Die reeksnommer op die raam moet in paragraaf C 10.6 aangeteken word.

10.7 Reeksnommer op romp

Die reeksnommer op die romp moet in paragraaf C 10.7

aangeteken word.

AFDELING D: BESONDERHEDE VAN DIE HOUER VAN DIE LISENSIE, PERMIT OF MAGTIGING

1. BESONDERHEDE VAN NATUURLIKE PERSOON

1.1 SA-Identiteit/Paspoortnommer

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se soort identifikasie moet met 'n X in paragraaf D 1.1 aangedui word.

1.2 Identiteitsnommer van natuurlike persoon

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se identiteitsnommer moet in paragraaf D 1.2 aangeteken word.

2. Paspoortnommer van natuurlike persoon

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se paspoortnommer moet in paragraaf D 2 aangeteken word.

3. Van

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se van moet in paragraaf D 3 aangeteken word.

4. Voorletters

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se voorletters moet in paragraaf D 4 aangeteken word.

5. Woonadres

Die fisiese adres waar die houer van die lisensie, permit of magtiging woon, moet in paragraaf D 5 aangeteken word.

6. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit of magtiging se woonadres moet in paragraaf D 6 aangeteken word.

7. Posadres

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se posadres moet in paragraaf D 7 aangeteken word.

8. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit of magtiging se posadres moet in paragraaf D 8 aangeteken word.

9. Telefoonnommer

9.1 Huis: Die houer van die lisensie, permit of magtiging se huistelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (012) 667 1923), moet in paragraaf D 9.1. aangeteken word.

9.2 Werk: Die houer van die lisensie, permit of magtiging se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (011) 577 5913) moet in paragraaf D 9.2 aangeteken word.

9.3 Selfoonnommer

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se selfoonnommer (indien van toepassing) moet in paragraaf D 9.3 aangeteken word.

10. Faks

Die faksnommer, insluitend die skakelkode, van die houer van die lisensie, permit of magtiging moet in paragraaf D 10 aangeteken word.

11. E-posadres

Die e-posadres (indien van toepassing) van die houer van die lisensie, permit of magtiging moet in paragraaf D 11 aangeteken word.

12. BESONDERHEDE VAN REGSPERSOON

13. ANDER LIGGAME

14. Geregistreerde naam van maatskappy

Die geregistreerde maatskappynaam van die houer van die lisensie, permit of magtiging moet in paragraaf D 14 aangeteken word.

15. Handelend as

Die naam waaronder die houer van die lisensie, permit of magtiging handel dryf moet in paragraaf D 15 aangeteken word.

16. VWR-nommer

Die registrasienommer van die houer van die lisensie, permit of magtiging moet in paragraaf D 16 aangeteken word.

17. Posadres

Die houer van die lisensie, permit of magtiging se posadres moet in paragraaf D 17 aangeteken word.

18. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit of magtiging se posadres moet in paragraaf D 18 aangeteken word.

19. Besigheidsadres

Die besigheidsadres van die houer van die lisensie, permit of magtiging (byvoorbeeld, Pretoriusstr 123, Pretoria) moet in paragraaf D 19 aangeteken word.

20. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit of magtiging se besigheidsadres moet in paragraaf D 20 aangeteken word.

21. Besigheidstelefoonnommer

21.1 Werk: Die houer van die lisensie, permit of magtiging se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (011) 577 5913) moet in paragraaf D 21.1 aangeteken word.

21.2 Faks

Die faksnommer, insluitend die skakelkode, van die houer van die lisensie, permit of magtiging moet in paragraaf D 21.2 aangeteken word.

22. E-posadres

Die e-posadres (indien van toepassing) van die houer van die lisensie, permit of magtiging moet in paragraaf D 22 aangeteken word.

23. BESONDERHEDE VAN VERANTWOORDELIKE PERSOON

24. Verantwoordelike persoon (Naam en van)

Die verantwoordelike persoon se naam en van moet in paragraaf
D 24 aangeteken word.

25. Soort identifikasie (Merk met 'n X)
SA-Identiteit-/Paspoortnommer

Die verantwoordelike persoon se soort identifikasie moet in paragraaf D 25 met 'n X aangedui word.

26. Identiteitsnommer van verantwoordelike persoon

Die verantwoordelike persoon se identiteitsnommer moet in

paragraaf D 26 aangedui word.

27. Paspoortnommer van verantwoordelike persoon

Die verantwoordelike persoon se paspoortnommer moet in paragraaf D 27 aangeteken word.

28. Selfoonnommer

Die selfoonnommer (indien van toepassing) van die verantwoorde-like persoon moet in paragraaf D 28 aangeteken word.

29. Fisiese adres

Die fisiese adres waar die aansoeker woon, moet in paragraaf D 29 aangeteken word.

30. Poskode

Die poskode van die verantwoordelike persoon se fisiese adres moet in paragraaf D 30 aangeteken word.

31. Posadres

Die verantwoordelike persoon se posadres moet in paragraaf D 31 aangeteken word.

32. Poskode

Die poskode van die verantwoordelike persoon se posadres moet in paragraaf D 32 aangeteken word.

33. VERKLARING DEUR AANSOEKER

Indien ek enige vals verklaring op hierdie vorm maak, is ek skuldig aan 'n oortreding ingevolge artikel 120 (9)(f) van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No 60 van 2000).

AFDELING E: HANDTEKENING VAN AANSOEKER
(Teken slegs indien van toepassing)

1. Foto

'n Onlangse kleurfoto van die aansoeker moet in paragraaf E 1 aangebring word, en dit mag nie oor die lyne van die blokkie gaan nie.

2. Handtekening

Die handtekening van die aansoeker moet in die teenwoordigheid van die polisiebeampte in paragraaf E 2 aangebring word en dit mag nie oor die lyne van die blokkie gaan nie.

3. Vingerafdruk

Die afdruk van die wysvinger van die aansoeker se regterhand moet deur die polisiebeampte in paragraaf E 3 geneem word, in die teenwoordigheid van 'n getuie en dit moet binne die lyne van die blokkie bly. As die aansoeker nie 'n regterwysvinger het nie, moet die afdruk van die linkerwysvinger geneem word.

4. Aanwysing van vingerafdruk

Die aanwysing van die vingerafdruk (byvoorbeeld, regterwysvinger) moet in paragraaf E 4 aangeteken word.

5. Naam van aansoeker in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die aansoeker wat aansoek doen om die duplikaatlisensie, -permit, of -magtiging moet in paragraaf E 5 aangeteken word.

6. Datum

Die datum waarop die aansoeker aansoek doen om die duplikaatlisensie, -permit, of -magtiging moet in paragraaf E 6 aangeteken word.

7. Plek

Die stad/dorp waar die aansoeker aansoek doen om die duplikaatlisensie, -permit, of -magtiging moet in paragraaf E 7 aangeteken word.

8. BESONDERHEDE VAN DIE POLISIEBEAMPTE WAT DIE AANSOEK HANTEER

8.1 Naam van polisiebeampte in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die
aansoek hanteer, moet in paragraaf E 8.1 aangeteken word.

8.2 Persal-nommer van polisiebeampte

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat die aansoek hanteer, moet in paragraaf E 8.2 aangeteken word.

8.3 Rang van polisiebeampte in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die aansoek hanteer, moet in paragraaf E 8.3 aangeteken word.

8.4 Handtekening van polisiebeampte

Die handtekening van die polisiebeampte wat die aansoek hanteer, moet in paragraaf E 8.4 aangebring word.

9. BESONDERHEDE VAN GETUIE

9.1 Naam van getuie in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat as getuie optree, moet in paragraaf E 9.1 aangeteken word.

9.2 Persal-nommer van getuie

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat as getuie optree,moet in paragraaf E 9.2 aangeteken word.

9.3 Rang van getuie in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat as getuie optree, moet in paragraaf E 9.3 aangeteken word.

9.4 Handtekening van getuie

Die handtekening van die polisiebeampte wat as getuie optree, moet in paragraaf E 9.4 aangebring word.

AFDELING F: BESONDERHEDE VAN TOLK
(Hierdie afdeling moet slegs ingevul word as die aansoeker nie kan lees, skryf of hierdie vorm verstaan nie.)

1. Naam en van van tolk

Die naam en van van die persoon wat die inhoud van die aansoek-vorm vir die aansoeker tolk, moet in paragraaf F 1 aangeteken word.

2. Identiteits-/Paspoortnommer van tolk

Die identiteits-/paspoortnommer van die tolk moet in paragraaf F 2 aangeteken word.

3. Woonadres

Die fisiese adres waar die tolk woon, moet in paragraaf F 3 aange-teken word.

4. Poskode

Die poskode van die tolk se woonadres moet in paragraaf F 4 aangeteken word.

5. Posadres

Die posadres van die tolk moet in paragraaf F 5 aangeteken word.

6. Poskode

Die poskode van die tolk se posadres moet in paragraaf F 6 aange-teken word.

7. Telefoonnommer

7.1 Huis: Die tolk se huistelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (012) 667 1923), moet in paragraaf F 7.1 aangeteken word.

7.2 Werk: Die tolk se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (011) 577 5913), moet in paragraaf F 7.2 aangeteken word.

8. Selfoonnommer

Die selfoonnommer (indien van toepassing) van die tolk moet in paragraaf F 8 aangeteken word.

9. Faks

Die faksnommer, insluitend die skakelkode, van die tolk moet in paragraaf F 9 aangeteken word.

10. E-posadres

Die e-posadres (indien van toepassing) van die tolk moet in paragraaf F 10 aangeteken word.

11. Getolk uit (taal)

Die taal waaruit die aansoekvorm getolk is en die taal waarin dit getolk is en wat vir die aansoeker verstaanbaar is (byvoorbeeld, Engels in Zoeloe), moet in paragraaf F 11 aangeteken word.

12. Datum

Die datum waarop die tolk die aansoeker bystaan, moet in para-graaf F 12 aangeteken word.

13. Handtekening van tolk

Die handtekening van die tolk wat die aansoeker bystaan omdat hy/sy nie kan lees of skryf of die inhoud van die vorm verstaan nie, moet in paragraaf F 13 aangebring word.

14. Plek

Die plek waar die tolk die aansoeker bystaan, moet in paragraaf F 14 aangeteken word.

15. Rang van polisiebeampte in drukskrif (indien van toepassing)

As die tolk 'n polisiebeampte is, moet sy/haar rang (in drukskrif) in paragraaf F 15 aangeteken word.

16. Persal-nommer van polisiebeampte (indien van toepassing)

As die tolk 'n polisiebeampte is, moet sy/haar SAPD Persal-nommer in paragraaf F 16 aangeteken word.

AFDELING G: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIESTASIE

1. Naam van polisiebeampte in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die aansoek ontvang het moet in paragraaf G 1 aangeteken word.

2. Datum

Die datum waarop die polisiebeampte die aansoek ontvang het, moet in paragraaf G 2 aangeteken word.

3. Rang van polisiebeampte in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die aansoek ontvang het moet in paragraaf G 3 aangeteken word.

4. Plek

Die stad/dorp waar die polisiebeampte die aansoek ontvang het, moet in paragraaf G 4 aangedui word.

5. Handtekening van polisiebeampte

Die handtekening van die polisiebeampte wat die aansoek ontvang het, moet in paragraaf G 5 aangebring word.

6 Persal-nommer van die polisiebeampte

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat die aansoek ontvang het, moet in paragraaf G 6 aangeteken word.